# ECHO OF HIS CALL

## EGGO VAN SY ROEP

AFRIKAANS

India's National Spiritual Newspaper

₹ 10/-

REACHING NATIONS

Published monthly in ENGLISH, TAMIL, MALAYALAM, TELUGU, HINDI, KANNADA, MARATHI, BENGALI, GUJARATI, ODIYA, ASSAMESE, PUNJABI, NEPALI, URDU, SINHALA & AFRIKAANS

*Redakteur:* S. SAM SELVA RAJ | - In 16 Tale | *Mederedakteur:* BRO. WILLEM JACOBUS PRETORIUS

**Vol. XVIII** YEAR OF OUR LORD JESUS CHRIST, 2024 JULY **No. 01**


### DIE HEILIGE SKRIF

Memoriseer asseblief hierdie gedeelte.

**PSALMS 92:2-11**

2. Dit is goed om die Here te loof, om u Naam te besing, Allerhoogste,
3. om elke môre van u liefde te getuig, en elke aand van u trou,
4. om dit te doen met snaarinstrumente, met harp en lier.
5. U groot dade, Here, het my baie bly gemaak, ek wil juig oor wat U gedoen het.
6. Groots is alles wat U doen, Here, ondeurgrondelik u gedagtes.
7. Wie dit nie besef nie, is 'n dom mens, wie dit nie insien nie, is sonder verstand.
8. Al is die goddelose voorspoedig, al floreer almal wat onreg doen, hulle sal vir goed uitgewis word.
9. U regeer vir ewig, Here, en dit staan vas:
10. u vyande sal uitgedelg word, Here, almal wat onreg doen, sal vernietig word.
11. Maar vir my gee U krag soos dié van 'n buffel, U laat my 'n oorwinningsfees vier.



# BESKERM JOU SALWING!

*Geagte Hoofredakteur, Ds. Angeline Selvakumari*



Gegroet in die Naam van ons Heer en Verlosser, Jesus Christus, aan al die lede van ons wêreldwye **Echo of His Call** familie wat getrou elke maand hierdie nuusbrief lees in 16 verskillende tale. **Genade en vrede vir julle van Hom wat is en wat was en wat kom (Openbaring 1:4).**

Hierdie vers gee vir my innige versekerdheid in alle omstandighede, wetende dat ek 'n God het wat my verlede, hede en toekoms verstaan, wat langs my loop as 'n vriend en metgesel. Met hierdie versekering kan ek die onsekerhede van môre tegemoet gaan met innerlike vrede, gerus in **God se plan en doel vir my wat al voor die skepping van die wêreld beplan was.** (Efesiërs 1:3-4).

*....verv. op.bls. 3*




**Echo of His Call**

***YouTube Christian Channel !***

**Jy sal die geleentheid kry om saam met Pr. S. Sam Selva Raj te bid!**

**Boodskap & gebed in 5 minute!!**

**Engels, Hindi, Tamil & Telugu**

**Elke dag – From 2.00 vm**

**Tamil Sondagdiens – 8.30 vm.**

*** Please Subscribe and Share ***

# ECHO OF HIS CALL - (1969-2019 GOLDEN JUBILEE YEAR)



## *van julle geliefde broer...*



**Tog is die Here gretig om julle genadig te wees en wil Hy hom oor julle ontferm: ... Jesaja 30:18.**

**Ons Sendingopdrag**

Ons moet die huidige generasie onderrig in die onvervalste leer van die ou, vroeë Apostels. Dit is die behoefte van ons tyd.

HON. EDITOR-IN-CHIEF
Rev. Angeline S. Kumari, M.A., M.Sc., M.Ed.
HON. MANAGING EDITOR
Pastor Alex Samson Sam, B.Th., M.Div.
GENERAL MANAGER
Bro. N. Prakasam, M.A., M.Sc.(C&IT), PGDHRM, MBA.
ADMINISTRATION
Sis. Joey Veena Sam
Adv. K. Puratchivendan, M.Com., C.A., B.L.
Dr. P.E.R. Premchand, M.Sc., M.A., M.Ed., Ph.D.
Dr. C.G.S. Babarao, B.Tech., M.Tech. (IIM), Ph.D.
Dr. Rabinder Bose, M.S. (CMC)
EDITORIAL BOARD
Dr. Serena Bevin, M.A., M.Phil., B.Ed.
Sis. Sajini Cherian
Sis. L. Mariya Anjalin, M.A., M.Sc., B.Ed.
Rev. Dr. K.R. Rajasekaran
EDITOR, PUBLISHER & PRINTER
Pastor S. SAM SELVA RAJ
Echo of His Call Printers
10, Mohammed Abdullah 2nd Street,
Chepauk, Chennai- 600 005, India.
Phone : (+ 91- 44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766
Cell : (+91) 98410 71851, 98412 71858
95661 31858
E.MAIL
sam@echoofhiscall.org
biblecor@yahoo.co.in
WEBSITES
www.echoofhiscall.org
www.stpaulsmatriculation.com
YOUTUBE CHANNEL
Echo of His Call

Geliefdes in die Here,

Ons groet julle met liefde in die onvergelyklike Naam van ons Heer en Verlosser Jesus Christus.

Deur God se genade kon ons die **St. Paul Matrikulasieskool** weer open, asook ons **Nehemia Bybelkollege**, vir die 2024-2025 akademiese jaar. Ondersteun asseblief hierdie inrigtings in jul gebede.

Ons verstaan dat diegene wat die Here onafhanklik wil dien in die toekoms een of ander kursussertifikaat in Teologie moet hê van 'n betroubare organisasie. Ons **Nehemia Bybelkollege** is gereed om jou hiermee te kan help. Klasse word saans aangebied in Tamil. Ons het ook 'n inwoning afdeling vir diegene wat in Hindi wil studeer. Die wat hiervan wil gebruik maak kan ons hieroor kontak.

Studente wat by die **Nehemia Bybelkollege** gegradueer het en tans in bediening is, deel in die alumni-gemeenskap. Hierdie lede het 'n byeenkoms gehad op 13.05.2024. Die gradeplegtigheid vir die 2023-2024 akademiese jaar was gehou op 01.06.2024 om 5 nm. 38 studente het hierdie jaar afgestudeer en na verskillende sendingplekke gegaan vir hulle bediening.



*Alumni-lede van Nehemia Bybelkollege*



*Die Gradueringsdiens vir die 2023-2024 akademiese jaar.*

**Our Ministries:** ECHO OF HIS CALL Monthly Magazines (16 languages) BIBLECOR - Postal Courses (3 languages) YouTube Ministry Online Courses Theological Correspondence Courses (2 languages) Church Planting Nehemiah Bible Colleges Gospel Printing Press Great Commission Partners St. Paul's Matriculation School Crusades Community Development

Ons het meer studente nodig vir die **Nehemia Bybelkollege** wat in Tamil en Hindi wil studeer. Help ons hiermee en stel dit bekend aan studente wat graag vir God so wil dien.

Ons het Tydskrif ontwerpers nodig om al ons bedienings op 'n spesiale manier te bedryf, en vertalers wat die artikels in die tydskrif kan vertaal, assistente en tegnici wat in ons drukpers kan werk, media tegnici, drywers, wagte, mense wat op rekenaar kan tik, DTP operateurs, onderwyser vir die Hoërskool, vertalers by die Kerke, sendelinge, voltydse hulppastore, ens. Ons het mans en vrouens nodig om saam te werk in die bedienings, in al die velde. Hulle moet werklik 'n visie hiervoor hê en eerlik wees. Ons bedienings word meer, maar ons sukkel om geskikte hulp te bekom. Doen wat julle ook al kan om ons te ondersteun.

Mense wat gedrukte tydskrifte en boeke lees raak in ons moderne tyd al skaarser. Meeste wil aanlyn lees. Baie van ons **Echo of His Call** tydskrif-lesers van die afgelope 40 tot 50 jaar het oud geword. Sommige het in die ewige heerlikheid ingegaan en ander woon in ouetehuise. Hulle het vir ons bedienings gebid en geldelik gehelp. En dit is die rede waarom ons leserstal gekrimp het. Help ons hiermee deur vir ons posadresse en e-posadresse van familielede te stuur. Ons sal die tydskrif vir hulle gratis stuur. Ons bid vir julle.

Ons sien uit na julle bemoedigende reaksie op ons versoeke.

Mag die genade van ons Heer by julle wees!

Julle dienaars in Christus Jesus,

PS. ALEX SAMSON SAM
PS. S. SAM SELVA RAJ

(+91) 98412 71858 / 98410 71858,
Epos: sam@echoofhiscall.org

## VRIENDELIKE AANDAG: ECHO OF HIS CALL LESERS

Ons 5 minute Echo of His Call YouTube boodskappe word uitgesaai vanaf 2.00 vm. in Tamil, Telugu, Engels en Hindi (daagliks). Jy kan die genade van God ondervind deur daarna te kyk.

Nog meer, stoor my mobiele nommers (+91) 98410 71858, (+91) 98412 71858 (persoonlik) op jou selfoon.

- Pr. S. Sam Selva Raj

*verv. v. bls.1*

As ek dink oor hoe ingewikkeld God elkeen van ons gemaak het, besef ek dat ons bestaan nie 'n ongeluk is nie, maar deel van 'n goddelike plan. Selfs as jy dalk glo jou ouers wou jou nie gehad het nie, is die waarheid dat God elkeen van ons met groot sorg gevorm het, soos Psalm 139:13 getuig: **U het my gevorm, my aanmekaargeweef in die skoot van my moeder.** Daarom is dit ons verantwoordelikheid om te soek na die doel waarvoor God ons gemaak het, en dit te vervul onder die leiding van die skepper en voleinder van ons geloof.

God begenadig ons met 'n goddelike roeping en gawes, nie volgens meriete nie, maar volgens sy karakter. En tog is dit maklik om van hierdie pad af te dwaal, dikwels onopgemerk, tot ons onsself ver van ons koers af bevind. Maar, gelukkig is die Heilige Gees altyd daar om ons terug te lei na die pad van ons liefdevolle Verlosser.

Kom ons ondersoek sommige van die algemene dinge wat ons kan weg lei van God se doel. Hiervoor gebruik ons as voorbeeld die lewe van Saul, Israel se eerste koning.

**Saul: Dit is nie die begin wat belangrik is nie, maar die einde!**

Toe die Israeliete 'n koning gevra het, het hulle eintlik die Koning van die konings as hul leier verwerp. Maar God het hul versoek toegestaan. Saul, seun van Kis, 'n ryk en prominente man uit die Benjaminstam, is gesalf as eerste koning. Hy het aan al die wêreldse standaarde vir 'n koning voldoen. Die Bybel beskryf hom as **'n kop langer as enige van sy volksgenote** (1 Sam 9:2). So, wat het hierdie gekose, gesalfde en talentvolle man na 'n tragiese einde gelei?

### 1STE MISSTAP

### TROTS!

Saul het nie selfvertroue gehad toe God hom tot koning geroep het nie. Hy sê selfs: **"Ek is maar net 'n Benjaminiet, uit die swakste stam van Israel. Boonop is my familie die kleinste in die stam Benjamin!"** (1 Samuel 9:21). Al was hy

**gesalf, was hy nog skugter en het probeer wegkruip** (1 Samuel 10:22). Ons moet onthou dat God ons nie sal roep waar sy genade ons nie kan ondersteun nie. Sy genade was genoeg vir Saul om die eerste koning vir Israel te wees. Ten spyte van sy nederige begin het God hom tog geseën. Maar sukses en gereelde oorwinnings met gepaardgaande roem en bewondering het hom algaande verblind.

In 1 Sam 15 is die bekende deel waar God hom beveel om die Amalekiete totaal uit te roei, vrouens en kinders en diere ingesluit. Vandag se tyd lyk dit baie brutaal en laat God wreed en wraakgierig lyk. Maar die geskiedenis daaragter was dat die Amalekiete die Israel van agter aangeval het toe hulle moeg en kwesbaar was.

**PAS OP!**

God verklaar in Sagaria 2:8 - **Wie aan julle vat, vat aan my oogappel.**

Hy was ontevrede met hoe die Amalekiete sy mense mishandel het, want hulle was vir Hom sy spesiale eiendom, en daarom sou Hy sulke gedrag wreek. Dis belangrik om te onthou dat ons 'n God het wat ons gevegte vir ons baklei. Maar by Saul sien ons 'n anderse reaksie. Toe Samuel vir Saul tereg wys oor sy optrede, moes Saul dadelik sy fout erken en verskoning gevra het. Maar hy vra toe eerder: **"Eer my tog net voor die leiers van die volk en voor Israel deur saam met my te kom sodat ek die Here u God kan aanbid."** (1 Samuel 15:30). Saul se verskuiwing van nederigheid na trots is duidelik in sy soeke na erkenning, en hy het selfs **'n gedenksteen gebou om homself te vereer** (1 Samuel 15:1).

Sukses en oorwinning kan maklik daartoe lei dat ons ingesteldheid en houding verander. Saul se omkeer van nederigheid na eersoekerigheid en verlange na erkenning vertoon die gevare van hoogmoed.

Wanneer jy hoogmoed 'n plek gee, kan **die Here vir hulle 'n vyand geword en het Hy self teen hulle geveg.** (Jesaja 63:10). Jakobus waarsku in 4:6 - **"God weerstaan hoogmoediges, maar aan nederiges gee Hy genade."** So, dink goed na oor jou eie woorde en dade. Want hoe maklik eis ons eienaarskap en kennis met woorde soos "my huis," "my lewe," of "ek weet beter"? Ons kan verklaar dat ons nederig is, maar ons ware natuur kom te voorskyn wanneer ons trots aangetas word. Ons neig om maklik ons eie belangrikheid te verdedig met woorde soos "weet jy wie ek is" of "hoe durf jy so met my praat."

Hierdie waarskuwende verhaal vermaan ons om te waak teen die slaggate van trots, veral wanneer ons gevoel van selfwaarde bedreig word. Of jy dit nou as 'n gelowige sê en of dit weergalm in jou gemoed, behoort die frase "weet jy wie ek is?" te dien as 'n waarskuwing teen die verraderlike aard van hoogmoed of trots.

## 2DE MISSTAP

## SELF-MISLEIDING!

Iemand met selfmisleiding is iemand wat:

1) Glo hy is iemand wat hy eintlik nie is nie
2) Dink hy het meer as wat hulle het
3) Graag wil lyk soos iemand wat hy nie is nie, eerder as om eg te wil wees.

Nou, kom ons kyk wat sê die Bybel:

- **"Moet nie te veel van jouself dink nie."** (Romeine 11:20)
- **"Moenie van jouself meer dink as wat jy behoort te dink nie."** (Rom 12:3).

....verv. op.bls. 6

**NEHEMIA RESIDENSIëLE BYBELKOLLEGE, TSJENNAI**

Bid asb. vir

Medium : Hindi

**Erken deur Internasionale Christenleiers & Senior pastore vir die afgelope 54 jaar**

**Diploma in Theology**

HAAS JOU VIR TOELATING!

**Kwalifikasie: 10de Standerd (Graad 12) of hoër**

**Contact : The Chairman, Nehemiah Bible College.**

10, MOHAMMED ABDULLAH 2ND STREET, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA.
Phone : (+91-44) 2852 8282, Cell : (+91) 96410 71552 / 96861 31565
E.mail : sam@echoofhiscall.org / Website : www.echoofhiscall.org

* AANLYN KLASSE IS BESKIKBAAR *

# GROOT OPDRAG-VENNOTE

**OM TE DEEL** (Galasiërs 6:2), **ONDERSTEUN** (Romeine 12:13) **& TE BESPOEDIG** (2 Timoteus 1:6)

## GEBEDSPUNTE - 2024 Julie 19 Tot Augustus 18

(Haal asseblief hierdie blad uit, vou dit en hou dit in jou Bybel en bid voortdurend)

### Prys God vir ...

**Julie 19** ➲ Sy seën oor al ons Hulpredakteurs en hul gesinslede.

**Julie 20** ➲ Sy oorvloedige seën op ons toewyding aan die Tydskrifbediening sedert 1969.

**Julie 21** ➲ Sy seën oor ons Pastore en Senior lede van die Hoofkerk en Susterkerke.

**Julie 22** ➲ Ons Evangelie Drukpers en sy volgehoue werkverrigting met vaardige werkers.

**Julie 23** ➲ Die nuwe gelowiges in ons Sondagdienste by Balaji Nagar, Santhoshapuram en Velachery.

**Julie 24** ➲ Sy guns oor ons **Wêreldvisie vir Jeug en Kindersorg-bediening**.

**Julie 25** ➲ Seën op die inskrywings by **Nehemia Bybelkollege** en **St. Paul Matrikulasieskool** vir die 2023-2024 akademiese jaar.

**Julie 26** ➲ Die groot toewyding deur die Sendingwerkers.

**Julie 27** ➲ Genadige hulp om nuwe studente vir ons Inwonende en Aandklas **Nehemia Bybelkollege** kursusse.

**Julie 28** ➲ Sy seën op ons YouTube bediening se 5 minute boodskappe na onbereikte mense.

**Julie 29** ➲ Sy seën oor ons om die evangelie te kan versprei na onbereikte gebiede.

**Julie 30** ➲ Sy guns oor ons Gebedsvennote, Ingeskrewe vennote, Geloofsvennote, Lewensvennote en Groot Opdragvennote en hul gesinne.

**Julie 31** ➲ Al die aktiwiteite van ons **St. Paul Matrikulasieskool, Nehemia Bybelkollege en Teologiese Korrespondensiekursus.**

**Augustus 01** ➲ Seën oor ons Hoofkerk met meer nuwe gelowiges.

**Augustus 02** ➲ Die Pastore en vrywilligers van ons Kerke.

**Augustus 03** ➲ Seën op ons **St. Paul Matrikulasieskool** om meer toegewyde Christen Onderwysers en skoolhoof te kry.

### Bid asseblief vir ...

**Augustus 04** ➲ Die veiligheid van ons Senior Pastoor S. Sam Selva Raj en sy gesinslede van alle soorte bose magte.

**Augustus 05** ➲ Die behoeftes van alle mense op die aarde.

**Augustus 06** ➲ Die voorsiening in die finansiële behoeftes van ons bediening.

**Augustus 07** ➲ Die goeie gesondheid van ons werknemers en hul gesinslede.

**Augustus 08** ➲ Die Ekonomiese resessie wat oor die wêreld hang om te eindig.

**Augustus 09** ➲ Die Mediabediening wat elke oggend om 2 uur in YouTube uitsaai vir 5 minute.

**Augustus 10** ➲ Ons **Echo of His Call bedienings** wat vandag 56 jaar oud is.

**Augustus 11** ➲ Geestelike en wêreldse seën op God se kinders.

**Augustus 12** ➲ Die honderde kinders wat geraak is deur die liefde van Jesus Christus tydens die **Vacation Bible School (VBS)**, dat hulle in die Here sal bly en ons samekomste gereeld sal bywoon.

**Augustus 13** ➲ Die geweld teen sendelinge en dienaars van God, dat dit sal ophou.

**Augustus 14** ➲ God se genade om weer oor die mense te spoel.

**Augustus 15** ➲ Die vernietiging van die bose werke van die satan wat gesinne verstrooi.

**Augustus 16** ➲ Die verlossing van mense wêreldwyd wat ly aan terminale siektes en neerslagtigheid.

**Augustus 17** ➲ Die voorsiening vir al die geldelike behoeftes van hierdie maand.

**Augustus 18** ➲ Die kinders en jongmense wat gered is deur die **Vakansie Bybelsool**-klasse wat wêreldwyd gehou is.

*verv. v. bls.4*

* **"Vermetelheid lei tot misleiding."** (Obadja 1:3)

Dit was die patroon in Saul se lewe; sy trots het hom verblind en bedrieg en gelei tot selfmisleiding.

Hoe val ons, en wat gebeur as ons in die strik van selfmisleiding val?

## (A) ONWILLIG OM GOD TE GEHOORSAAM!

God het Saul gestuur om die Amalekiete uit te wis en gesê: **"Gaan verslaan nou vir Amalek."** (1 Samuel 15:2). Maar Saul het homself mislei en **gekies om die goeie vee te behou** (Samuel 15:9). Hy het besluit om self te besluit wat waardevol was, en so homself bedrieg deur te dink sy keuse was geregverdig. Hy het selfs verklaar: **"Ek het die opdrag van die Here uitgevoer."** (1 Samuel 15:13), al het hy afgewyk van God se opdrag.



***Samuel berispe Saul oor sy ongehoorsaamheid***

Ons mislei onsself maklik soos Saul deur te glo ons optrede is in lyn met God se wil terwyl ons eintlik afgewyk het. Maar net wat volgens God se wil gedoen word, sal Hom plesier verskaf, maar selfmisleiding sal ons veroordeel.

## (B) ONWILLIG OM SY FOUT TE HERKEN!

Hoogmoed en selfmisleiding het sy oë verblind, sy hart



***Saul probeer sy ongehoorsaamheid vergeestelik***

verhard en sy ore doof gemaak, en toe kon hy nie God se stem hoor nie. Toe blameer hy die soldate: "Dit is die goed wat deur die manskappe (nie deur my nie) gespaar is, die mooiste kleinvee en grootvee om vir die Here u God te offer." So het hy probeer om sy ongehoorsaamheid te vergeestelik. Daarom het God benadruk dat gehoorsaamheid beter is as offers. Selfmisleiding laat ons ander blameer vir ons aksies in plaas van verantwoordelikheid te neem.

## (C) ONWILLIG OM HOMSELF TE VERNEDER!

Saul as op die hoogtepunt van sy trots.

* Hy het vir homself 'n gedenksteen opgerig.
* Hy wou dat Samuel hom moet eer.
* Hy soek die eer van mense bo God se erkenning.
* In plaas van nederigheid voor God en vergifnis vra wou hy eer onder sy mense hê.

Soos reeds genoem: alles wat ons doen het gevolge. Halfhartige gehoorsaamheid is maar dieselfde as volle ongehoorsaamheid.

* Saul het God hartseer gemaak deur sy dade.
* Dit het daartoe gelei dat God hom dadelik as koning verwerp het.
* God en Samuel het albei berou dat hy koning gemaak is.

**NEHEMIA AAND-BYBELKOLLEGE, TSJENNAI**

Bid asb. vir

HAAS JOU VIR TOELATING!

Medium : Tamil

Erken deur Internasionale Christenleiers & Senior pastore vir die afgelope 54 jaar

**Diploma in Theology**

Kwalifikasie: 10de Standerd (Graad 12) of hoër

Contact : The Chairman, Nehemiah Bible College.

10, MOHAMMED ABDULLAH 2ND STREET, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA.
Phone : (+91-44) 2852 8282, Cell : (+91) 98410 71862 / 95661 31556
E.mail : sam@echoofhiscall.org / Website : www.echoofhiscall.org

* AANLYN KLASSE IS BESKIKBAAR *

Saul het afgewyk van God se wil en so koers verloor. Laat ons bid dat niemand van ons soos Saul lewe en ons lewensdoel mis nie.

## 3[de] & LAASTE STAP

### REBELLIE!

Saul se hoogmoed het hom gelei tot selfmisleiding, sodat hy 'n vals identiteit aangeneem het en 'n opstandige en hardkoppige natuur gekweek het. Opstand is dieselfde as ongehoorsaamheid en eiewysheid, en dit het gevolge. Spreuke 29:1 waarsku dat iemand wat hardkoppig bly na vele teregwysings vinnig en skielik tot 'n val sal kom. Skielike vernietiging sal hom tref.

Saul het nie besef dat sy opstandigheid ook toekomstige geslagte sal beïnvloed nie. Met sy rebelsheid het hy toe nie gewag vir Samuel om offers te doen nie, 'n diens wat vir priesters gereserveer is. Maar toe hy daaroor betig is het hy hardkoppig gebly, wat daartoe gelei het dat hy die troon verloor het. Elke ongehoorsaamheid en opstand het sy gevolge.

Rebellie beteken jy weier om iemand se gesag te aanvaar, en dit beklemtoon die belang van onderhorig wees aan gesagspersone. In ons gesinne moet ons respek hê vir ons ouers, wederhelftes, ouer mense, bestuurders, kerkleiers, leraars, toesighouers, en heel belangrikste vir God.

Opstand is 'n hart saak, nie maar net gedrag nie; dit wys na die noodsaak om in jouself te verander. Die Bybel leer ons waardevolle lesse oor opstandigheid:

* **Rebellie is net so erg as towery, iets wat deur God verag word** (1 Samuel 15:23).

*....verv. op.bls. 9*

## Echo of His Call Postal Courses for candidates in India only

### 1. BIBLECOR

**Bid asb. vir**

Ons bied Korrespondensiekursusse aan oor Basiese Waarhede van die Bybel vir nuwe Christene en nie-Christene in Engels – 57 bladsye, Hindi – 76 bladsye & Tamil – 96 bladsye. Jy kry 'n kursusboek met die titel **New Life – For You! Na voltooiing van hierdie kursus sal jy 'n sertifikaat ontvang. Daar sal geen verpligte gelde wees nie. Jy sal geseën word!**

### 2. THEOLOGICAL CORRESPONDENCE COURSE

**Advanced Distance Education called Theological Correspondence Course** is available in English – 537 pages and Tamil – 652 pages for Pastors, Evangelists, Christian Leaders and for lay people who have passion to do God's Ministry! A fee of Rs. 1000/- is charged. 7 Books with 149 Chapters are supplied. **Certificate in Ministry will be awarded. God will bless you!**

*For more details, write to us.*

**The Chairman, Nehemiah Bible College,**
Echo of His Call, Post Box 2957, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005,
Ph.: (044) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766, Cell : 98410 71852, 95661 31858
E.mail : biblecor@yahoo.co.in

## Ons bankbesonderhede in Suid-Afrika

U blymoedige gawes kan gestuur word aan Echo of His Call Ministries vanaf enige plek in Suid-Afrika. Dit kan inbetaal word in ons bankrekeninge soos hier onder verstrek. As u aan ons ook die besonderhede stuur van u debietorder/oorbetalings/oordrag, sal dit moontlik wees om aan u 'n kwitansie uit te reik.

### *Ons bankbesonderhede:*

**ABSA BANK : Echo of His Call Missions**
**BANKKODE: 334515**
**REKENINGNO: 905 129 1908**
**TAK: JEFFREYSBAAI**
**KONTAKPERSOON: Mev Elbe Smit**
**Tel: (042) 296 1337 Sel: 084 813 2554 / e-pos: miemie60b@gmail.com**

**SIS. ELBINA SMITH**
**Address : DR. A. D. KEET STREET, WAVECREST,**
**JEFFREYS BAY 6330.**

**Meld asb. u naam en naam van u dorp/stad op die bankdepositostrokie wanneer u donasies deponeer**



# PUT TOT PALEIS

(Lewenservarings van Pastoor S. Sam Selva Raj)

"Wie dit lees moet dit goed begryp" Matteus 24:15

## GOD EER ONS NIETIGE POGINGS!

**Loof die Here want Hy is goed, ... Hy het aan ons gedink in ons vernedering. Aan sy liefde is daar geen einde nie. - Psalm 136:1,23**

Sedert die begin van my bedieningslewe het God vir my die ingesteldheid gegee om alles in te sit en enige uitdaging te aanvaar om Hom te verheerlik vir die uitbreiding van sy koninkryk, sonder om enige beloning te verwag. Van 1976 tot 1986 was ek gewoond om verlof te neem by my regeringskantoor en evangelie-toere te reël en te preek deur mini-saamtrekke in verskillende dele van Indië, alles met my eie geld.

Die Here het my gehelp om my geestelike vriende saam te neem vir ten minste een of twee maande na verskeie onbereikte plekke om die lewens van duisende mense met die evangelie van Jesus Christus te raak. Dikwels het ek net op God vertrou vir al my geldelike behoeftes, om trein-kaartjies te koop, bus-kaartjies, hotel verblyf te betaal vir my en my kollegas. En Hy het wonderbaarlik gehelp.

Deur hierdie bediening het God my gehelp om verskeie veraf geleë gebiede te besoek in Chengalpet Distrik, Villupuram Distrik, Madurai Distrik, Trichy Distrik en Kanyakumari Distrik, Kodaikaanal, Ootacamund, Trivandrum, Peelamedu, Idukki, Vandiperiyar, Vijayawada, Bangalore, Mysore, ens. Tydens sulke togte het ek verskillende fisiese teenslae beleef met die vervoer van ons musiekinstrumente en evangelie-traktate per bus of trein. Weens my lae finansiële status kon ek nie eens dink aan 'n voertuig vir die bediening nie. Maar God het my houding dop gehou en geluister na my getuienisse. "God is nie onregverdig nie: Hy sal julle werk nie vergeet nie en ook nie die liefde wat julle vir sy Naam betoon het deurdat julle julle medegelowiges gedien het en nog dien nie." (Hebreërs 6:10).

Later het ek opgemerk dat God al my medewerkers geseën en verhoog het na hoër vlakke en hulle steeds magtig gebruik het in sy wingerd, tot nou toe. Hy het my ook geseën met die nodige soos nuwe toerusting, karre, bussies en ywerige werkers, en Hy maak dit al meer en meer moontlik vir my om die evangelie te preek vir die ongeredde mense van Indië. Hy het my ook geëer deur my na verskillende lande in die wêreld te neem en vir my goeie vriende te gee.

Dieselfde God leef nog. Hy soek gewillige mense wat kan opstaan om Hom te dien sonder om vinnige beloning te verwag of hoë posisies te begeer of korrupte motiewe het. Gooi jou brood op die water en na verloop van baie dae sal jy dit vind (Prediker 11:1). Hy skuld niemand iets nie.

Persoonlik het ek geleer dat as ons die begeerte het om iets vir God se Koninkryk te doen, moet ons dit dadelik doen, sonder om te kyk hoe die wind of wolke waai, want "wie die wind dophou, saai nie, wie na die wolke bly kyk, oes nie" (Prediker 11:4). Die wêreld en sy mense sal saam met jou staan.

Maar deesdae wil mense nie hulle gesondheid, geld en talente belê in die bevordering van God se Koninkryk nie; hulle verwag eerder vinnige opheffing en gou-gou belonings. Liewe vriend, ek is waarlik geseën weens die evangelie van Jesus Christus. Hy kan jou ook seën, regtig. Kan jy opstaan en nou iets vir Jesus Christus doen? Kan jy jou kruis opneem en Hom volg? God soek na gewillige mense wat waarlik belangstel om sy wonderlike boodskap uit te stuur, op enige manier, op alle maniere, teen alle koste (1 Korintiërs 9:22).

**Wanneer jy hierdie woorde lees, weet dat God 'n spesiale plan vir jou het! Wêreldse rykdom, gesondheid, verhoudings en roem gaan jou eendag verneuk!! Maar Jesus Christus sal jou nooit onversorgd laat nie!!! (Johannes 14:18). Besluit vandag, 'n Groot beloning wag vir jou!**

*******

....Contd. from page 7

- **God onttrek Hom en word 'n teenstander van hulle wat opstandig is** (Isaiah 63:10).
- **God se hand sal teen ons werk** (1 Samuel 12:14,15).
- **Weiering om te bekeer hiervan kan maak dat God ons oorgee aan verwoesting.** (1 Korintiërs 5:5).

Liewe vriende, as ons harte hard is, weerstandig teen verandering, sonder warmte ..., is dit tyd om God se hulp te soek om ons te vernuwe. Dit Woord herinner ons dat "hy wat volhard tot die einde, sal gered word" (Matteus 24:13). God se roeping en gawes is onherroeplik, maar ons kan die Heilige Gees teenstaan deur houdings soos trots, selfmisleiding, opstand en afwyking van God se bedoeling. En dit lei tot mislukking. Laat ons waak teen hoogmoed se vernietigende invloed, en soek na en herken jou foute en maak dit reg, anders gaan dit jou van koers af dwing. Dit is krities belangrik om tyd te vat en na te dink oor jou lewe sodat jy in lyn bly met God se wil.

*******

## BID ASSEBLIEF VIR ONS BEDIENINGE BY DIE HOOFKANTOOR

1. Gebedsdiens : 24 uur
2. **BYBELKOR** - Bybelkorrespondensiekursusse : Engels, Tamil & Hindi
3. **ECHO OF HIS CALL** - Maandblad: Engels, Tamil, Malayalam, Telugu, Hindi, Kannada, Marathi, Gujarati, Bengali, Odiya, Nepali, Assamees, Punjabi, Urdu, Singalees & Afrikaans.
4. Nehemia Bybelkolleges Drie sentra) (Aand / Residensiëel)
5. Teologiese Korrespondensiekursusse: Engels en Tamil
6. Groot Opdrag-vennote (Netwerk van Pastore)
7. Opleidingsprogramme
8. Veldtogte
9. Literatuurverspreiding en Opvolg
10. Evangeliese Drukpers -- Publikasies
11. St. Paul's Matriculation School - Village English High School
12. Sondagskole : 8.30 vm. & 4.00 nm. Sondag
13. **Tamil dienste : 9.00 vm. Sondag**
14. **Hindi dienste : 4.00 nm. Sondag**
15. **Telugu diens : 5.00 nm. Sondag**
16. **Engels en Tamil diens : 6.00 nm. Sondag**
17. Vrouebiduur : 5.30 nm. Woensdag
18. Mannebiduur : 7.00 nm. Vrydag
19. Dissipelskapsbyeenkoms : 6.00 nm. Saterdag
20. Huisbyeenkomste : 6.30 nm. Dinsdae en Donderdae
21. Spesiale Heilige Nagmaal : 6.00 vm. Eerste dag van elke maand
22. Terugvoervergadering van dominees :5.30 nm. Eerste Saterdag
23. Gebedsgeleentheid vir ouers :4.00 nm. Eerste Sondag
24. Naggebed : 9.30 nm. Tweede Vrydag
25. Vastende Gebed : 9.30 vm. Derde Saterdag
26. Heilige Nagmaal : Tweede Sondagdienste
27. Jeug- / Kindergebede : 10.00 nm. daagliks
28. Personeelgodsdiens : 9.00 vm. daagliks
29. Kantoor : 9. 00 vm. tot 9.00 nm. (behalwe Sondae)

## Kind Attention!

### PR. S. SAM SELVA RAJ'S AUTOBIOGRAPHY!

Ons is in die pylvak van die voltooiing en uitgee van Pastoor S. Sam Selva Raj se outobiografie in boekformaat. **Ons vra vir julle getuienisse wat tot 10 lyne kan beslaan en wat vertel hoe God jou geestelike groei geraak het deur hierdie bediening.** Ons sal dit ook waardeer as jy 'n foto kan gee om in te sluit in die outobiografie.

- Redakteur

## 'n Goeie geleentheid om Echo of His Call Maandelikse Tydskrif gratis te kry

As jy vir ons die adresse van jou vriende / familie stuur per pos of e-pos, Whatsap of bel, sal ons maandeliks vir hulle **Echo of His Call** gratis stuur.

RNITCNO.TNAFR/2007/21215, Postal Regn.No.TN/CH/(C)/127/22-24

## ECHO OF HIS CALL

**Ministries**

**56th ANNIVERSARY** (1968 - 2024)

Gospel Crusades

09.08.2024, Friday
10.08.2024, Saturday
11.08.2024, Sunday
Time : 6.00 P.M.

Place:

**ECHO OF HIS CALL**

10, MOHAMMED ABDULLAH 2ND STREET,
CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA.

98412 71858 **Bid asseblief**

## Bid asseblief

## ST. PAUL'S MATRICULATION SCHOOL

Die Engelse Christen-Hoërskool wat Echo of His Call bedryf vir arm en weeskinders. Ons het borge nodig vir 200 kinders @ R200 per kind. Ons vra borge. Jy kan jou donasies na ons bankrekeninge in Suid-Afrika stuur.

**Onderrig van Gehalte!**
**Geestelike opleiding!!**

**Van kleuteronderrig tot Gr.10**

Kontak:

10, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk,
Chennai – 600 005.
Telefoon : (+91-44) 2852 8282
Sel : (+91) 98410 71852
E-pos : sam@echoofhiscall.org

# ECHO OF HIS CALL

**Maandblad in 16 tale, Bybelkolleges, Korrespondensiekursusse, Kerkplanting, Village English High School, Evangeliese Drukpers, Uitreike, Seminare, Maatskaplike Dienste, ens.**

Jaarlikse intekengeld Rs. 100/- Lewenslange intekengeld Rs. 2000/-

Die veelvuldige aktiwiteite van die **Echo of His Call Bediening** word ondersteun deur die vrywillige offers en donasies van God se kinders soos jy. Jy kan **Echo of His Call** en ons aktiwiteite ondersteun soos die Here jou lei. Ons het jou hulp nodig om die evangelie uit te stuur na die onbereikte mense en om kerke te plant.

As jy gereeld die **Echo of His Call** maandblad wil ontvang, skryf asseblief aan ons. As jy van posadres of e-posadres verander, stel ons asseblief in kennis van jou ou en nuwe adres.

**Echo of His Call** is ook in 16 tale beskikbaar op ons webtuistes. Jy kan dit lees of op die webwerf gaan en dit aflaai en geseën word.

Julle briewe, gebedsversoeke en finansiële hulp (**Geldwissels, Tjeks of Aftrekorders, EO's, PayPal (Sam Selva Raj,** sam@echoofhiscall.org) **Tel.9841071858, Gpay (98410 71858), Western Union, MoneyGram** aan **Echo of His Call** kan asseblief gestuur word na die onderstaande adresse.

Stuur asseblief jou **landlyn/selfoonnommer** en **e-posadresse** vir opdatering.

## ECHO OF HIS CALL

10, MOHAMMED ABDULLAH 2ND STREET, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA
PH: (+91-44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766, Cell: (+91) 98410 71858,
98412 71858 / E.mails: sam@echoofhiscall.org / biblecor@yahoo.co.in
Websites: www.echoofhiscall.org / www.stpaulsmatriculation.com

**JY KAN JOU DONASIES OOK AANLYN STUUR**

Regd. With the Registrar of Newspapers for India
under No. TNAFR/2007/21215
Postal Regn.No. TN/CH/(C)/127/22-24
Date of Publication: First week of every month
Date of Posting : 3rd & 4th of every month
Posted at "Egmore RMS / 1 Patrika Channel"
on 4th JULY 2024
If un-delivered please return to:
ECHO OF HIS CALL
P.O. Box No. 2957, Chepauk, Chennai - 600 005, INDIA.
Phone: (+ 91- 44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766

## JESUS HET JOU LIEF!

To

**GOD SEËN JOU!**

Owned and published by S. Sam Selva Raj from New No. 8 & 10, Old No. 18 & 19, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005 and printed by S. Sam Selva Raj at Echo of His Call Printers, New No. 8 & 10, Old No. 18 & 19, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005. Editor: S. Sam Selva Raj.